

"Kunswerk"-dwelmmiddels by ORTIA gekonfiskeer

Tshwane, 6 Januarie 2024 - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het hierdie week beslaggelê op 23 kilogram dwelmmiddels, verbloem as gevormde kunswerke, met 'n geskatte straatwaarde van R 37 miljoen by die vragstore van die OR Tambo Internasionale Lughawe.

Die doeane-beamptes was besig met hulle inspeksierondtes toe hulle afkom op 'n boks wat onderweg na Nieu-Seeland was. Die boks het items van gevormde kuns bevat wat verdag gelyk het. Die beamptes het 'n dwelmtoetsstel gebruik en van die items het positief getoets vir kristal-metamfetamien wat 10 kg geweeg het.

'n Toets deur die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) op ander items het positief getoets vir fentaniël wat 13 kg geweeg het. Die dwelmmiddels is aan die SAPD oorhandig vir verdere ondersoek.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die waaksaamheid van die doeane-beamptes, wat die dwelmmiddels opgespoor het, geloof. "SARS Doeane sal geen poging ontsien om die invoer of uitvoer van dwelmmiddels en enige onwettige middels, wat soveel pyn en swaarkry vir families, veral die jeug, stop te sit nie.

Dwelmsmokkelaars moet weet dat ons doeane-afdeling ten volle aan sy oogmerk toegewyd is en sonder aansien des persoons sal optree teen die kriminele betrokke by dwelmsmokkery. Hulle moet weet dat hulle die volle mag van die geregtelike gesig sal staar," het kommissaris Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

Sien foto's hieronder.

